**Omgeepapier 31 Julie – 5 Augustus 2023**

**Joh 4:1-18; 27-29.Tema: Hóé wyd is die Here se genade en liefde**

Lees Joh 4:10, Jer 2:13, Jes 55:1 en Joh 7:37 – 39.

1. **Net ter bevestiging: Jesus en die Heilige Gees is die Bron van Lewende Water! Vraag: Wie mag uit die Put van Lewende Water drink? Wie mag weggehou / vermy word? (Swartes? Nigeriërs? Dwelmverslaafdes? By-mekaar-slapers? Spruitslapers? Jou slegte Kinders? Geestelik Gestremdes? Moslems? Jou Aggressiewe Bure? Plaasmoordenaars? Korrupte Ministers?......... )**

2. **Vraag: Wat doen jy / wat kan ons (anders) doen om die Lewende Water vir Dorstiges aan te bied?**

3. **Vraag: Gebedsversoeke. Vir watter Dorstiges kan ons bid - vir dieper Dors, vir Waterdraers**

**Opsomming:**
**Élke mens is dors! Jesus is die Bron van Lewende Water. Óns is Waterdraers! Ons moenie suinig met die Lewende Water wees nie. Ons mag nie met ons gedrag of ons versuim ander weghou van die Bron van Lewende Water nie!**